

# Woensdag 12 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 23:1-8  
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Jeremia 23:5-6

## **In die koms van die Messias bevestig God die toekoms van sy volk**

Jeremia profeteer in hierdie gedeelte ná die val van Jerusalem en die begin van die ballingskap. Op die oog af lyk dit of die koningshuis van Dawid geval het. Waar laat hierdie gedagte dan die verbond wat God met Dawid gesluit het? Ons lees van hierdie verbond in 2 Samuel 7:16: ... *jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.*

Dit is juis vanuit hierdie verbond wat God met Dawid gesluit het dat ons die gedeelte in Jeremia 23:1-8 moet verstaan. Die Here werk altyd binne die genadige raamwerk van sy verbond wat Hy gesluit het. Aan die hand van sy verbond met Dawid sal die Here 'n regverdige Spruit stuur om te kom herstel wat aardse konings afgebreek het.

Die profesie oor die Spruit van Dawid gaan in wese oor die Koningskap van Jesus Christus wat uit die geslag van Dawid gebore is. Die gevolge van Christus se Koningskap is: Juda en Israel sal weer herstel word (vs 6). Onder Christus word die volk weer onder een septer saamgevoeg, en dit is dan die toekoms van die kerk van Christus. Die toekoms van God se volk in die Ou Testament word verlig deur die koms van die Messias wat sy kerk op aarde sal kom vestig.

In Romeine 9 lees ons duidelik dat Israel nog steeds die verbondsvolk van God is. Israel het egter niks met die bloedlyn te make nie, maar met God wat sy kinders deur die genade van Christus tot sy volk voeg. Die kerk is dus Israel. Hoekom sal dit gebeur? Want Christus is ons Here wat geregtigheid voor die Vader vir ons bewerk het. Geregtigheid beteken dat Christus aan die eis van sy Vader voldoen het om sy volk, sy kerk, te verlos sodat ons die volle saligheid van sy verlossing mag ervaar.

*Sing: Psalm 89-1:2, 7*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*